HOËRSKOOL MONTANA



TOELATINGSBELEID

INHOUDSOPGAWE

		Page number
1.	Inleiding	3
2.	Akronieme wat in hierdie beleid gebruik word	3
3.	Wetgewing en beleide wat hierdie beleid reguleer	3-4
4.	Algemeen	4
5.	Toewyding aan Regverdige Praktyke	5
6.	Taal van onderrig en leer (TVOL)	6
7.	Skool se Kapasiteit	6
8.	Oorwegings vir Toelating	6-7
9.	Kriteria vir Keuring wanneer die Skool Oorvol is	8-9
10.	Kriteria wat nie vir Toelatingsdoeleindes gebruik sal word nie	9-10
11.	Dokumente en Inligting benodig, en Prosedure vir toelating van 'n Leerling	10-11
12.	Skoolfooie	11-12
13.	Sluitings datum vir Toelatingsaansoeke	12-13
14.	Beleidswysigings	13
15.	Wysigingsgeskiedenis	13

1. INLEIDING

Hierdie beleid is opgestel ingevolge die vereistes dat die skoolbeheerliggaam 'n toelatingsbeleid moet hê, en om te verseker dat die skool se toelatingsprosedures in ooreenstemming is met provinsiale en nasionale wetgewing, regulasies en voorskrifte, en dat dit die spesifieke omstandighede van die skool in ag neem.

2. AKRONIEME WAT IN HIERDIE BELEID GEBRUIK WORD

- SASW – Suid-Afrikaanse Skolewet.
- SBL – Skoolbeheerliggaam
- WKOD – Wes-Kaap Onderwysdepartement
- TVOL- Taal van onderrig en leer

3. WETGEWING EN BELEIDE WAT HIERDIE BELEID REGULEER

Die skool se toelatingsbeleid verwys na en is in ooreenstemming met die volgende wetgewing:

- Die Suid-Afrikaanse Skolewet (Wet 84 van 1996)
- Grondwet
- Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (Wet 108 of 1996)
- Die Nasionale Toelatingsbeleid vir Gewone Openbare Skole, Staatskoerant 19377 van 1998, soos afgekondig ingevolge die Nasionale Onderwysbeleidwet (Wet 27 van 1996)
- Die Regulasies rakende: Vrystelling van ouers van die betaling van skoolgeld in openbare skole (Staatskoerant 29311 van 18 Oktober 2006)
- Norme en Standaarde vir Taalbeleid in Openbare Skole (Staatskoerant 18546, Desember 1997)
- Die Wes-Kaapse Provinsiale Onderwyswet, 1997 (Wet 12 van 1997)
- Die Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting, 2000 (Wet 2 van 2000)
- Die Wet op die Bevordering van Administratiewe Geregtigheid, 2000 (Wet 3 van 2000)

Die skool se toelatingsbeleid verwys na en is in ooreenstemming met die volgende verwante beleide:

- Beleid van die WKOD vir die Bestuur van Toelating en Registrasie van Leerders by Gewone Openbare Skole, Omsendbrief 26/2010
- Omsendbrief 0121/2003: WKOD-beleid oor die bestuur van leerder-swangerskap in openbare skole
- Omsendbrief 0240/2003: Toelating van oor-ouderdom leerders tot openbare skole
- Omsendbrief 0006/2021: Datums en tydraamwerke vir aansoeke om toelating tot gewone openbare skole en die bestuur van toelatingsinligting vir 2022/2023
- Omsendbrief 0053/2021: Toelating van ongedokumenteerde Suid-Afrikaanse of buitelandse leerders vir 2021/22
- Omsendbrief 0059/2021: Onwettige praktyke wat verband hou met skooltoelating, die betaling van skoolfonds en die hef van ander gelde

- Omsendbrief 0018/2022: Herinnering: Aanlyn toelatingsisteem as die ENIGSTE amptelike stelsel of vorm wat deur skole gebruik moet word vir toelating tot gewone openbare skole in die Wes-Kaap

4. ALGEMEEN

4.1 Hierdie beleid is bepaal deur die beheerliggaam van Hoërskool Montana (die **"Skool"**) ooreenkomstig met Artikel 5(5) van die Suid-Afrikaanse Skolewet (Wet No. 84 van 1996, soos gewysig).

4.2 Hierdie beleid is in Augustus 2025 deur die beheerliggaam van die Skool opgestel en aanvaar, in ooreenstemming met toepaslike wetgewing. Hierdie beleid verwys na daardie wette waar toepaslik. Die beheerliggaam van die Skool behou die reg voor om hierdie beleid te wysig indien dit op enige stadium met toepaslike wetgewing in stryd sou wees.

4.3 Hierdie beleid word te alle tye geïnterpreteer en toegepas op 'n wyse wat **die beste belange van alle betrokke leerders** beskerm en bevorder.

4.4 Vir die doeleindes van hierdie beleid beteken **"ouer"** die biologiese ouer, wettige voog, aangenome ouer en enige ander persoon wat wettiglik verantwoordelik is vir die leerder se opvoeding en wat die wettige bevoegdheid het om aansoek te doen vir toelating tot die Skool.

4.5 Vir die doeleindes van hierdie beleid is 'n leerder van **verpligte skoolgaande ouderdom** vanaf die eerste skooldag van die jaar waarin hy die ouderdom van sewe jaar bereik, tot die laaste skooldag van die jaar waarin hy die ouderdom van vyftien jaar of graad 9 bereik, na gelang van wat eerste plaasvind (SASW Artikel 3(1) en Artikel 3(6))

4.6 Die skoolhoof, as lid van die beheerliggaam, neem deel aan die proses om die toelatingsbeleid van die skool te bepaal en administreer die toelating en registrasie van leerders by die skool ingevolge die registrasieproses soos bepaal deur die Hoof van die Onderwysdepartement en die skool se toelatingsbeleid (WKOD-beleid vir die bestuur van toelating en registrasie van leerders by gewone openbare skole, Omsendbrief 26/2010 en Toelatingsbeleid vir Gewone Openbare Skole, artikel 7).

4.7 Alle verwante navrae rakende die toelating of navrae van 'n leerder tot die skool moet aan die skoolhoof se kantoor gerig word.

4.8 Indien ouers enige navrae of probleme ondervind met die WKOD-aanlynstelsel moet hulle die WKOD-kantore direk kontak.

Administratiewe beampte in die Toelatingskantoor: Me Natasha Esterhuizen	
Tel Nr:	023 347 0476
E-pos adres:	ontvangs@monties.co.za
Fisiese adres:	Kluestraat Worcester 6850
Posadres:	Posbus 520 Worcester 6850

5. TOEWYDING AAN REGVERDIGE PRAKTYKE

5.1 Die Skool streef daarna om 'n omgewing te bied waar die ras, taal, kultuur, godsdiens en sosio-ekonomiese omstandighede van elke leerder nie onredelike hindernisse vorm vir toegang tot of vordering in enige aspek van sy/haar skoolloopbaan nie.

5.2 Die Skool verbind hom daartoe om te verseker dat geen vorm van diskriminasie teen enige applikant tydens die toelatingsproses van die Skool toegepas word nie.

5.3 Enige leerder wat tot die Skool toegelaat word, sal volle toegang hê tot die amptelike skoolprogram en sal nie aan die volgende onderwerp word op grond daarvan dat sy ouers nie in staat is om die vereiste skoolgeld te betaal nie:

- geskors word van enige klasse;
- aan enige vorm van misbruik onderwerp word;
- die weiering van sy skoolverslag, eksamenuitslae, oordragsertifikaat of enige ander dokument of inligting wat 'n integrale deel van die leerder se opvoeding uitmaak nie; of
- ontneem word van toegang tot die amptelike skoolprogram (sport-, kultuur- en diensaktiwiteite) wat deur die Skool aangebied word.

(Suid-Afrikaanse Skolewet, artikel 5(2), Toelatingsbeleid vir Gewone Openbare Skole, artikel 10)

5.4 Die toegewings gemaak ingevolge klousule 5.3 is nie van toepassing op aktiwiteite of geleenthede wat nie deel vorm van die amptelike skoolprogram nie. Graadsosiale geleenthede (insluitend matriekafskeid) en skooltoere vorm nie deel van die amptelike skoolprogram nie en is bykomend daartoe.

5.5 Hierdie beleid geld ook vir leerders wat nie Suid-Afrikaanse burgers is nie (Toelatingsbeleid vir Gewone Openbare Skole, artikels 19-21). Verder is hierdie beleid in lyn met Omsendbrief 0053/2021 wat verband hou met die toelating van ongedokumenteerde Suid-Afrikaanse en buitelandse leerders, en die aansoek van sodanige leerders sal verwerk en aanvaar word indien die leerder aan die toelatingskriteria voldoen.

5.6 Daar word vereis dat herregistrasievorms voltooi word voor einde Oktober. Leerders hoef nie weer aansoek te doen nie.

5.7 'n Verandering in huweliksstatus van die wettige voogde keer nie 'n leerder om voort te gaan met skoolbywoning nie (WKOD-beleid vir die bestuur van toelating en registrasie van leerders by gewone openbare skole, artikel 5).

5.8 Indien 'n leerder swanger raak, het die leerder die keuse om by die Skool te bly, en die Skool sal die nodige reëlings tref rakende tydelike afwesigheid en onderrig (Omsendbrief 0121/2003: WKOD-beleid oor die bestuur van leerder-swangerskap in openbare skole).

5.9 Die Skool mag nie persoonlike inligting oor toekomstige leerders en hul ouers vir toelatingsdoeleindes versoek wat nie in lyn is met Hoofstuk 2, paragraaf 5 van SASW nie (WKOD Omsendbrief 0059/2021, 2.8.1).

5.10 Die Skool mag nie 'n ouer van 'n leerder verskillende skoolgelde vra op grond van die ekstra kurrikulum of ko-kurrikulêre kurrikulum binne dieselfde graad nie. Dit beteken dat alle leerders in dieselfde graad wat dieselfde vakke volg, gelyke toegang tot die ekstra kurrikulum of ko-kurrikulêre kurrikulum van die skool gegee moet word (SASW, artikel 39(6)). Dit sluit IGO-stelle vir die vak IGO, Verbruikerstudie-prakties, asook musiekinstrumente wat nie deur die skool aangebied word nie, uit. Leerders wat musiekinstrumente bespeel wat nie deur die Skool aangebied word nie, moet dié afrigiting privaat betaal.

6. TAAL VAN ONDERRIG EN LEER (TVOL)

6.1 Die taal van onderrig en leer (TVOL) word deur die beheerliggaam van die Skool bepaal ooreenkomstig Artikel 6(2) van die Suid-Afrikaanse Skolewet en die Norme en Standaarde vir Taalbeleid in Openbare Skole (Staatskoerant 18546, Desember 1997).

6.2 In hierdie taalbeleid het die beheerliggaam van die Skool bepaal dat Afrikaans die taal van onderrig en leer (TVOL) van die Skool sal wees.

7. KAPASITEIT VAN DIE SKOOL

7.1 Die beheerliggaam van die Skool het bepaal dat die totale kapasiteit van die skool 555 leerders is, met 'n gemiddeld van 28 leerders per klas. 111 leerders per graad oor vyf grade (Graad 8 tot 12). (Wag nog vir nuwe leiding aangaande Bela-wetgewing "Basic Education Laws Amendment")

7.2 Die beheerliggaam van die Skool het alle relevante faktore oorweeg by die bepaling van die kapasiteit van die skool, insluitend, maar nie beperk tot die volgende:

- Dat die leerder se belange voorkeur geniet;
- Die aantal beskikbare opvoeders;
- Die beskikbare ruimte vir administratiewe behoeftes;
- Die aantal geskikte klaskamers in die Skool;
- Die grootte van elke klaskamer in die Skool;
- Die breedte van die gange in die Skool;
- Die aantal badkamers in die Skool;
- Die behoefte aan ruimte vir sport-, kultuur- en ontspanningsaktiwiteite;
- Die parkeergeriewe;
- Die finansiële vermoë van die Skool;
- Die behoefte om aan alle onderwysers 'n gemeenskaplike area en 'n werksarea op die perseel van die Skool te voorsien;
- Die behoefte aan aangewese werksareas vir die uitsluitlike gebruik van die Skool se administrasie-, bestuur- en instandhouding-spanne;
- Veiligheidsmaatreëls;
- Die beskikbare ruimte in die bestaande media- en rekenaarsentrums, wetenskappe- en tegnologielaboratoriums en die skoolsaal;
- Internasionaal erkende beste praktyk met betrekking tot klasgroottes ten einde doelmatige en doeltreffende onderrig van gehalte te kan lewer.

7.3 Die kapasiteit van die Skool mag deur die beheerliggaam van die Skool aangepas word in ooreenstemming met enige veranderinge wat van tyd tot tyd die finansiële vermoë, infrastruktuur, kurrikulumprogram en personeel van die Skool beïnvloed of waarvoor daar voorskrifte gemaak word.

7.4 Die skool sal leerders binne die voorgeskrewe kapasiteit van die skool toelaat en aan hul opvoedkundige behoeftes voldoen sonder om leerders op enige wyse onregverdig te behandel of teen te diskrimineer (Grondwet van Suid-Afrika: artikel 8(3), Suid-Afrikaanse Skolewet artikel 5(1), Toelatingsbeleid vir Gewone Openbare Skole, artikel 7).

8. OORWEGINGS VIR TOELATING

8.1 Die keuse van leerders vir toelating tot die Skool sal gebaseer wees op 'n beoordeling van die volgende faktore (in geen spesifieke volgorde nie):

8.1.1 of alle inligting voltooi is en alle nodige dokumentasie op die WKOD-aanlyn toelatingstelsel ingedien is;

8.1.2 of die leerder aan die bevorderingsvereistes voldoen het vir die graad net onder die graad waarop die toelatingsaansoek betrekking het;

8.1.3 of daar plekke by die Skool beskikbaar is, gegewe die kapasiteit van die Skool soos uiteengesit in klousule 7 hierbo;

8.1.4 of die Skool in staat is om aan die opvoedkundige behoeftes van die leerder te voldoen (insluitend, maar nie beperk nie tot, enige spesiale onderwysbehoeftes van die leerder);

8.1.5 die ouderdom van die leerder. Leerders wat meer as twee jaar ouer is as die statistiese ouderdomnorm per graad, sal nie by die Skool toegelaat word nie, tensy uitsonderlike omstandighede anders vereis. In sulke gevalle sal toestemming van die Kringbestuurder versoek word indien die skool die leerder wil toelaat (WKOD Omsendbrief 0240/2003).

Ouderdomnorm per graad:
Graad 8: 14 jaar
Graad 9: 15 jaar
Graad 10: 16 jaar
Graad 11: 17 jaar
Graad 12: 18 jaar

('n Leerder wat grade herhaal word nie aan die ouderdomsvereistes getoets nie, mits die leerder nie 3 jaar ouer as die graad se norm is nie.)

- *'n Leerder kan bogenoemde ouderdomsperk hoogstens die voorafgaande November of Desember bereik, anders moet die ouderdom die betrokke jaar bereik word.*

8.1.6 die bereidwilligheid van die leerder om deel te neem aan en by te dra tot alle areas van die skoollewe;

8.1.7 of toelating tot die Skool in die beste belang van die leerder is, aangesien van alle leerders vereis word om deel te neem aan die akademiese, sport- en kulturele program van die Skool, en gegewe die noodsaaklikheid om te verseker dat:

- die akademiese aanleg van die leerder geskik is vir toelating tot die betrokke graad waarop die toelatingsaansoek betrekking het; en
- die leerder in staat sal wees om die akademiese vereistes van die Skool te balanseer met al die ander vereistes van die Skool, insluitend die vereistes wat verband hou met 'n leerder se deelname aan sport-, kulturele en pastorale aktiwiteite;

8.1.8 of die leerder voordeel sal trek uit die program van die Skool gegewe sy vaardigheid in Afrikaans wat die taal van onderrig en leer (TVOL) by die Skool is. Die onvermoë van 'n leerder om effektief in Afrikaans te kommunikeer, kan 'n onredelike beperking op sy akademiese vordering by die Skool plaas en kan daarom daartoe lei dat die leerder nie by die Skool toegelaat word nie. 'n Leerder wat aan alle ander toelatingskriteria soos in hierdie beleid uiteengesit voldoen, mag slegs uitgesluit word van toelating tot die Skool op grond van sy onvermoë om effektief in Afrikaans te kommunikeer indien dit in sy of haar beste belang is en daar 'n plek beskikbaar is by 'n geskikte skool wat 'n toepaslike onderrigmedium bied binne die nabyheid van die leerder se woonplek of sy ouers se woonplek(ke) (na gelang van die geval);

8.1.9 of die leerder bereid is om hard te werk om uitnemendheid in sy akademiese prestasies te bereik.

8.2 Enige leerder wat 'n beurs of toelae van enige aard ontvang wat deur die Skool erken word en wat onderhewig is aan die voorwaarde dat hy of sy die Skool bywoon, moet voldoen aan die toelatingskriteria soos hierbo uiteengesit.

8.3 Indien die leerder aansoek gedoen het deur die WKOD-aanlyn toelatingstelsel sal die ouers ingelig word watter skole die leerders aanvaar het. Indien 'n leerder nie aanvaar word, nie sal die skool 'n motivering gee hoekom nie. Die leerder word

dan op 'n interne waglys geplaas. Indien daar leerders onttrek, sal die skool die ouers kontak wat op die waglys is.

8.4 Die balans van geslagte in die toelating;

8.5 Leerders wat deur die WKOD-stelsel en die skool aanvaar word, sal in registerklasse geplaas word. Die registerklasse sal dan volgens vakke ingedeel word.

8.6 Laat aansoeke sal verwerk word, maar sal slegs oorweeg word na dié wat binne die gestelde sperdatum ontvang is.

8.7 'n Leerder wat van die sisteem verwyder is en daarna weer vir hertoelating aansoek doen, sal aan hierdie toelatingsbeleid onderhewig wees.

8.8 Die beheerliggaam van die Skool het bepaal dat die Skoolhoof die diskresie sal hê om leerders toe te laat, onderhewig aan die bepalings van hierdie beleid. Die afwesigheid of teenwoordigheid van enige van die faktore soos uiteengesit in klousule 8.1 hierbo beteken nie dat 'n leerder outomaties toelating tot die Skool geweier of gewaarborg sal word nie.

8.9 Indien 'n potensiële leerder toelating verlang nadat die skooljaar reeds amptelik begin het en sy/haar vakpakket stem nie ooreen met die vakpakket wat deur die skool aangebied word nie, se toelating sal slegs goedgekeur word indien daar besondere redes bestaan om toelating te verleen en dit redelikerwys moontlik is om die leerder te akkommodeer.

9. KRITERIA VIR KEURING WANNEER DIE SKOOL VOL IS

9.1 Waar die aantal aansoekers die aantal beskikbare plekke by die Skool of in 'n spesifieke graad oorskry, sal aansoekers wat aan die toelatingskriteria soos uiteengesit in klousule 8 hierbo voldoen, oorweeg en op 'n interne waglys geplaas word. Die aansoeke sal dan in die volgende volgorde verwerk word, tensy toelating tot die Skool nie in die beste belang van die betrokke leerder(s) sou wees nie:

9.1.1 Woonadres is die naaste aan die Skool, gemeet volgens die voertuigafstand tot by die hoofvoertuigingang van die Skool in Kluestraat, met die volgende voorbehoud:

- Toon die hoogste akademiese potensiaal gebaseer op die November-verslag (graad 6) vir aansoeke tot graad 8, of die mees onlangse twee verslae (Junie / November) vir ander grade;
- Aangesien die skool se doel is om goed afgeronde akademici te ontwikkel, moet 'n leerder 'n hoë vlak van uitnemendheid toon in die sport- en kulturele aktiwiteite wat deur die skool wat hulle voorheen bygewoon het, aangebied is, of in aktiwiteite wat buite die skool se buitemuurse program bygewoon is;
- aansoekers se leierskapsrolle sal in ag geneem word.

9.1.2 Indien, na die toepassing van 9.1.1, die skool vol is, kan die volgende kriteria toegepas word:

- Voorkeur sal gegee word aan leerders wat broers of susters is van huidige leerders (in die jaar van toelating) by die Skool. Die Skool gee nie voorkeur aan leerders wie se ouers die Skool bygewoon het en/of leerders wie se ouer broers of susters die Skool in die verlede bygewoon het, maar wat nie huidige leerders by die Skool is nie.
- Voorkeur sal gegee word aan enige leerder wat 'n beurs van enige aard ontvang het wat deur die Skool erken word en wat daaraan gekoppel is dat hy of sy die Skool moet bywoon.

9.1.3 Leerders van verpligte skoolgaande ouderdom wat nie meer as twee jaar ouer as die statistiese ouderdomsnorm vir die betrokke graad in die toelatingsjaar is nie, sal voorkeur geniet bo leerders wat nie van verpligte skoolgaande ouderdom is nie en wat jonger as die ouderdom is.

9.1.4 Enige leerders wat ouer as die verpligte skoolgaande ouderdom is, maar nie grade 10 tot 12 voltooi het nie, sal na 'n Volwassene Basiese Onderwys- en Opleidingsentrum (VBOO), 'n Verdere Onderwys en Opleidingskollege (VOOK) of 'n soortgelyke instelling verwys word.

9.1.5 Aansoeke wat voor die sluitingsdatum soos vermeld in klousule 10 hieronder ontvang word, sal voorkeur geniet bo laat aansoeke; en

9.1.6 Alle ander aansoekers wat aan die toelatingskriteria soos uiteengesit in klousule 8 hierbo voldoen.

10. KRITERIA WAT NIE VIR TOELATINGSDOELEINDES GEBRUIK SAL WORD NIE

10.1 Sonder om die omvang van klousule 5 hierbo te beperk, mag geen leerder op grond van sy ras, huistaal, godsdienstige oortuigings, kulturele oortuigings, of sy sosio-ekonomiese status geweier word vir toelating tot die Skool nie.

10.2 Geen leerder sal vir toelating tot die skool geweier word op grond daarvan dat sy of haar ouer:

- nie in staat is om skoolgelde te betaal of nie die skoolgelde wat deur die beheerliggaam kragtens artikel 39 vasgestel is, betaal het nie;
- nie die missieverklaring van die skool onderskryf nie; of
- weier om 'n kontrak aan te gaan waarin die ouer enige eis vir skadevergoeding wat voortspruit uit die opvoeding van die leerder, afstand doen.

(Suid-Afrikaanse Skolewet artikel 5(2), Toelatingsbeleid vir Gewone Staatskole, artikel 10, WKOD-beleid vir die bestuur van toelating en registrasie van leerders by gewone staatskole, artikel. 6.)

10.3 Die beheerliggaam van die skool sal nie:

- enige toets administreer wat verband hou met die toelating van 'n leerder tot die skool, of die skoolhoof of enige ander persoon aanwys of magtig om so 'n toets te administreer nie (Suid-Afrikaanse Skolewet artikel. 5(1), Toelatingsbeleid vir Gewone Staatskole, artikel. 11
- onderhoude met ouers of leerders gebruik voorafgaande tot die toelating van 'n leerder as 'n vorm van sifting, behalwe vir leerders met leerhindernisse wat in 'n gewone staatskool wil betree (WKOD-beleid vir die bestuur van toelating en registrasie van leerders by gewone staatskole, artikel 6).
- Let wel: nuwe leerders vanaf Gr 9-12 word genooi vir 'n ontmoeting met die hoof, sodat daar kan bepaal word of dit die beste skool vir die leerder sal wees.

Behalwe waar die Skool vereis word om die plasing van 'n leerder in 'n spesifieke kursus of program (insluitend, maar nie beperk tot, 'n tegniese studierigting, visuele kunste, dans, dramatiesekunste of musiek) te bepaal, sal 'n leerder nie as deel van die toelatingsproses getoets word nie. 'n Leerder sal slegs vereis word om 'n geskikte toets te ondergaan indien dit in die opvoedkundige belang van die leerder is; sal help om te besluit hoe om die leerder die beste te plaas; en met die

voorafgaande goedkeuring van die Hoof van die Wes-Kaapse Onderwysdepartement.

10.4 Met verwysing na klousule 6 hierbo en onderhewig aan klousule 8.1.8 hierbo, sal geen leerder geweier word vir toelating tot die Skool op grond daarvan dat sy of haar huistaal nie Afrikaans is nie waar:

10.4.1 die Skool 'n plek vir die leerder in die betrokke graad het; en

10.4.2 Afrikaans die voorkeur taal van onderrig en leer (TVOL) vir die leerder is.

10.5 Geen registrasieheffing, aansoekfooi, administrasiefooi of iets dergeliks is betaalbaar by aansoek om toelating tot die Skool nie. Net so word daar geen deposito, hertoelatings- of vooraf-toelatingstoetsfooie, of enige ander fooie ten tye van die aansoek gehef nie. Skoolgelde, en enige ander fooie, mag slegs gehef word nadat die leerder skriftelik in kennis gestel is van sy of haar aanvaarding vir toelating tot die Skool (SASW Artikel 39(5)).
Ouers sal by die registrasie in kennis gestel word van die Skool se skoolfooibeleid. (WKOD-beleid vir die bestuur van toelating en registrasie van leerders by gewone staatskole, artikel 6 en artikel 10, Regulasies vir die vrystelling van ouers van die betaling van skoolgelde ingevolge SASW artikel 29(4), die Staatskoerant 2931, soos gewysig, gedateer 18 Oktober 2006, en Omsendbrief 0059/2021 Onwettige praktyke verbonde aan skooltoelatings, die betaling van skoolgelde en die hef van ander fooie.)

11. DOKUMENTE EN INLIGTING BENODIG EN PROSEDURE VIR DIE TOELATING VAN 'N LEERDER

11.1 Alle aansoeke om toelating tot die skool sal vasgelê en verwerk word deur gebruik te maak van die WKOD- aanlyn toelatingstelsel. Die skool se toelatingsproses vereis nie die voltooiing van enige bykomende harde kopie of aanlynvorm nie (Omsendbrief 0018/2022 – Herinnering: Aanlyn-toelatingstelsel as die ENIGSTE amptelike stelsel of vorm wat deur skole gebruik moet word vir toelating tot gewone openbare skole in die Wes-Kaap).
Nadat die leerder aanvaar is, word dokumente voltooi wat die registrasieproses by die skool vergemaklik.

11.2 Die WKOD-aanlyn toelatingstelsel vereis die volgende ondersteunende dokumente:

- 'n Afskrif van die leerder se geboortesertifikaat. Waar 'n afskrif van die leerder se geboortesertifikaat nie beskikbaar is op die tydstip waarop die toelatingsaansoek ingedien word nie, mag die Skool die leerder tot die betrokke graad toelaat, mits die aansoeker skriftelike bewys voorsien dat aansoek by die Departement van Binnelandse Sake of 'n ander toepaslike owerheid gedoen is vir die leerder se geboortesertifikaat;
- 'n Afskrif van 'n skoolrapport van die laaste graad wat geslaag is
- Bewys van die leerder en albei ouers se woonadres(se) (wat 'n afskrif van 'n transportakte, bestaande huurkontrak en/of 'n nutsrekening of bankstaat wat nie ouer as drie maande is nie, kan insluit).

11.3 Neem asseblief kennis dat dit 'n oortreding is om vals inligting oor 'n kind te verskaf.

11.4 Die Skool behou die reg voor om alle inligting en dokumentasie wat deur 'n aansoeker vir toelating verskaf word, te verifieer en behou die reg voor om

regsaksie te neem teen enige aansoeker wat opsetlik vals inligting en dokumentasie verskaf.

11.5 Leerders wat van 'n tuisskoolomgewing na die Skool oorskakel, moet al die bogenoemde dokumente indien.

11.6 Leerders wat nie burgers van Suid-Afrika is nie en wie se ouers in besit is van 'n permit vir tydelike of permanente verblyf wat deur die Departement van Binnelandse Sake uitgereik is, of wie se ouers as vlugtelinge erken is en in besit is van 'n permit uitgereik ingevolge die Vlugtelingewet (Nr. 130 van 1998, soos gewysig), kan aansoek doen om toelating tot die Skool. Alle bogenoemde dokumente moet as deel van die toelatingsaansoek ingedien word, sowel as 'n gesertifiseerde afskrif van die ouers se verblyfpermit(te).

11.7 Leerders of hul ouers wat nie burgers van Suid-Afrika is nie en wat Suid-Afrika binnegekom het met 'n studiepermit, kan aansoek doen vir die toelating van die leerder tot die Skool, mits al die bogenoemde dokumente as deel van die toelatingsaansoek ingedien word, tesame met 'n gesertifiseerde afskrif van enige studeervergunning wat die leerder besit.

11.8 Leerders wat nie burgers van Suid-Afrika is nie, wat nie in besit is van 'n studiepermit nie, en wie se ouers nie in besit is van 'n permit vir tydelike of permanente verblyf wat deur die Departement van Binnelandse Sake uitgereik is nie, of wie se ouers as vlugtelinge erken is en in besit is van 'n permit uitgereik ingevolge die Vlugtelingewet (Nr. 130 van 1998, soos gewysig), kan aansoek doen om toelating tot die Skool, mits al die bogenoemde dokumente as deel van die toelatingsaansoek ingedien word, tesame met bewys dat die ouers formele stappe gedoen het om hul verblyf in Suid-Afrika wettiglik te maak.

12. SKOOLFOOIE

12.1 Die beheerliggaam van die Skool verstaan en aanvaar dat:

12.1.1 die Staat nie alle hulpbronne kan voorsien wat nodig is om 'n goed funksionerende en hoogs presterende skoolstelsel te bereik en te handhaaf nie;

12.1.2 die Skool sal daarom alle redelike maatreëls binne sy vermoë tref om die hulpbronne wat deur die Staat verskaf word, aan te vul ten einde die gehalte van onderrig wat deur die Skool verskaf word, te verbeter;

12.1.3 die Skool genoodsaak is om addisionele fondse in te samel deur die aktiewe betrokkenheid van ouers, wat by algemene ouervergaderings die geleentheid gegee word om te stem oor sake rakende die bestuur en begrotingsverdeling van die Skool; en

12.1.4 skoolgelde betaalbaar ten opsigte van elke leerder wat by die Skool toegelaat word, sal bepaal word deur die beheerliggaam van die Skool met die goedkeuring van 'n meerderheid van ouers wat 'n algemene finansiëleouervergadering bywoon (die vergadering word jaarliks deur die beheerliggaam van die Skool gereël).

12.2 waar 'n aansoek om toelating tot die Skool suksesvol is, en die aansoeker die plek aanvaar, is die betrokke ouers wettiglik verplig om die betrokke skoolgelde te betaal, tensy hulle volledig vrygestel is van die betaling van al die gelde betaalbaar ingevolge klousule 12.5.

12.3 'n Skedule van die jaarlikse skoolgelde wat betaalbaar is aan die Skool vir die betrokke toelatingsjaar is beskikbaar by die skool se finansiële beampte.

12.4 Die skoolgelde wat ouers betaal vir 'n bepaalde graad sal dieselfde wees vir daardie graad en sal nie verskil na gelang van die kurrikulum- of buitemuurse kurrikulumkeuses wat vir elke leerder binne daardie graad gemaak word nie (met

die uitsondering van onderrig deur eksterne diensverskaffers vir vakke soos Musiek).

12.5 Ouers het die reg om aansoek te doen vir vrystelling vir die betaling van die jaarlikse skoolgelde. 'n Afskrif van die Skool se fooivrystellingsbeleid en die toepaslike aansoekvorm kan by die Skool se finansiële beampte verkry word. (Vrystelling van ouers van die betaling van skoolgelde in openbare skole (Staatskoerant 29311 van 18 Oktober 2006) – SASW)

Skoolgeld rekeningskantoor: Mev. Debbie Jooste	
Tel Nr	023 347 0476
E-posadres	admin@monties.co.za
Fisiese adres	Kluestraat Worcester 6850
Posbusadres	Posbus 520 Worcester 6850

13. SLUITINGSDATUM VIR TOELATINGSAANSOEKE

Die sluitingsdatums vir die indiening van toelatingsaansoeke is soos volg:

13.1 Alle aansoeke om toelating tot graad 8 vir 'n bepaalde jaar moet gedoen word via die WKOD- aanlyn toelatingstelsel. Die tydraamwerke wat gevolg word, sal elk jaar deur die WKOD in 'n omsendbrief vasgestel word. (Omsendbrief 006/2021: Datums en tydraamwerke vir aansoeke om toelating tot gewone openbare skole en die bestuur van skooltoelatingsinligting vir 2022/2023).

13.2 Alle aansoeke om toelating tot enige ander graad wat deur die Skool aangebied word, kan op enige tyd gedurende die skooljaar via die WKOD- aanlyn toelatingstelsel ingedien word en sal oorweeg word in ooreenstemming met die toelatingskriteria soos uiteengesit in hierdie beleid, sodra 'n plek in die betrokke graad beskikbaar raak.
Toelatingsdatums vir alle grade is dieselfde.
Ouers moet die WKOD Worcester-kantore kontak indien hulle enige addisionele inligting benodig of aansoeke wil opspoor.

13.3 'n Aansoek om toelating word deur die toelatingskomitee van die skool bepaal, in samewerking met die skoolhoof.

13.4 Indien die betrokke leerder wel vir toelating kwalifiseer, maar die leerder word nie tot die skool toegelaat nie, omdat daar nie voldoende ruimte, fasiliteite en ander hulpbronne by die skool beskikbaar is nie moet die skoolhoof die leerder se naam op 'n waglys plaas. Die skoolhoof kan op 'n billike wyse toelating verleen aan leerders wie se name op die waglys is wanneer ruimte en fasiliteite beskikbaar raak.

As die Skool 'n aansoek om toelating weier, sal die redes vir die weiering op die WKOD-aanlynstelsel aangedui word.

Indien 'n aansoeker nie tevrede is met die besluit van die Skool om die leerder nie toe te laat nie (insluitend die redes vir sodanige besluit), kan hulle die besluit skriftelik appelleer, eers aan die SBL van die Skool. Indien ouers steeds ontevrede is, kan hulle appelleer by die Hoof van die Onderwysdepartement.

Indien die WKOD verklaar dat die skool meer leerders moet toelaat as wat dit aanvanklik aanvaar het of 'n toelatingsbesluit van die skool tersyde stel, moet dit redelik, deur regte prosedures en regverdige wyse en deur middel van betekenisvolle betrokkenheid gedoen word (Grondhofuitspraak in die saak van Rivonia Primêr vs. Gauteng Departement van Onderwys, 3 Oktober 2013).
Hierdie beleid sal beskikbaar gestel word aan ouers en toekomstige ouers (Wet op die Bevordering van die Administrasie van Geregtigheid).

14. BELEIDSWYSIGINGS

Die gekose beheerliggaam van Hoërskool Montana mag van tyd tot tyd hierdie beleid wysig, aanvul, verander of aanpas.

Geteken te Hoërskool Montana op 28 **dag van** Oktober **20**25

Voorsitter: Beheerliggaam

Skoolhoof

SEKRETARIS VAN DIE BEHEERLIGGAAM

Beleid saamgestel en aangepas deur mnr. PP Botes (skoolhoof) vanaf ander soortgelyke beleide.

Datum van laaste hersiening: Maandag, 4 Augustus 2025

BELEIDREGISTER-BESONDERHEDE

TITEL VAN BELEID	Skooltoelatingsbeleid
DATUM GOEDGEKEUR DEUR DIE SBL	28 Oktober 2025
INWERKINGTREDINGSDATUM	28 Oktober 2025
VERVALDATUM	Hierdie beleid bly in werking totdat dit gewysig of vervang word EN deur die SBL goedgekeur word.
HERSIENERINGS DATUM	Drie jaar of vroeër vanaf die datum van aanvaarding. Elke SBL behoort hierdie beleid minstens een keer gedurende sy termyn in die amp te hersien.
WYSIGINGSGESKIEDENIS	